

18 Maart

Skrifgedeelte: Jeremia 32:26–35

Fokusgedeelte; Jeremia 32:33

Rugkantmense

Die verbondsvolk het hulle rug op die Here gedraai en nou tas hulle in die skaduwee rond. Hulle hele lewe getuig daarvan. Van die Koning tot die laaste onderdaan terg die Here met die dinge wat hulle doen. Hulle doen wat hulle wil. Hulle hoor nie wat die Here vir hulle sê deur beproewings en deur die profete nie. Dit was so erg dat hulle selfs afgode in die tempel gebring het.

Die Here het net van sy volk die basiese gehoorsaamheid van die verbond gevra, wat Hy al van Abraham gevra het: “Wandel voor my aangesig” (1953-vertaling). Hulle het nie geluister nie. Om aan die Here gehoorsaam te wees, was vir hulle te veel. Dit wat die Here nooit van hulle gevra het nie, dit was hulle bereid om te doen, naamlik om hulle kindertjies aan afgode te offer. Wat ‘n ironie!

Wat ‘n skokkende tekening van ‘n mens wat sy rug op God gedraai het. Kinderlike gehoorsaamheid is te veel gevra, maar om hulle kindertjies aan afgode te offer, dit doen hulle!

‘n Mens kan nogal die dwalinge van ‘n rugkantmens verstaan. Wanneer jy met jou rug na God loop, loop jy eintlik in jou eie skaduwee. Jy kan jou eie dwalinge nie sien nie. Jou skaduwee word te groot en te donker. Jy sien die handeling van God nie raak nie, want jy kyk weg van Hom af. Die skulp van jou ore wys weg van God af, daarom hoor jy Hom nie. Geen wonder nie dat die Psalmdigter sê so ‘n mens “stap op ‘n donker afgrond aan” (Ps 73:12 (beryming))!

Die genade is egter groot. Op grond van die versoening van Jesus Christus draai God mense om. Wanneer die Here ‘n mens weer omdraai, dan sien jy die grootheid van sy werke en die wonder van die genade. Jy hoor weer die Woorde van sy mond en jy verstaan en bely jou eie dwalinge. Jy mag nooit 'n rugkantmens wees nie, maar altyd 'n gesigkantmens!

Sing: Psalm 73:12 Dr DJS Steyn (Benoni-Noord)